# H O O F S T U K XIII

## VOORTGESETTE EN VOLWASSE ONDERWYS

### 1. Inleiding

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk sal daar sover moontlik onderskei word tussen voortgesette onderwys van 'n akademiese aard of met 'n beroepstendens en onderwys vir volwassenes van 'n meer algemeen vormende of kulturele aard.

Weens die feit dat verpligte skoolonderwys tot 1956 by standerd VI geëindig het, was daar 'n behoefte aan voortgesette onderwys met die oog op beter toerusting vir 'n beroep, veral in die handelswêreld. Die ontwikkeling van die Mandaatgebied met sy drie tale het ook vereis dat amptenare en ander mense in die openbare lewe 'n beter kennis van die drie tale moes hê. Daar was dus 'n behoefte aan die onderrig van Afrikaans, Duits en Engels.

In hoofsaak is van die standpunt uitgegaan dat hierdie soort onderwys op private inisiatief moes berus en van indiwidue of van die gemeenskap moes uitgaan. Alhoewel dit nie altyd die geval was nie, sou die staat hoogstens 'n subsidie betaal en toesig hou dat die geld goed aangewend word.

### 2. Voortgesette onderwys

Die „Deutsche Schulvereine" het op die verskillende plekke die inisiatief geneem om fasiliteite vir voortgesette onderwys te skep. In 1920 is daar in Windhoek klasse vir die onderrig van Handel, Boekhou, Handelsrekenkunde en Tikskrif gereël [1]. In 1924 is 'n groter verskeidenheid vakke, wat ook Afrikaans en Engels ingesluit het, aangebied [2]. In Tsumeb is klasse in Matesis en Tekene vir die mynbeamptes gereël [3].

Dit was die begeerte van baie ouers dat skole

vir voort-/ ... 390

1. Landes Zeitung, 24.5.1920.
2. Id., 15.3.1924. Inskrywings: Boekhou 23, Tikskrif 16, Engels 19, Afrikaans 9.
3. Id., 27.2.1924.

vir voortgesette onderwys waar kinders na skoolverlating hulle studies kon voortsit, ingestel moes word. Weens die beperkte getal studente en die hoë koste per student, veral vir tegniese onderwys, was die instelling van sodanige skole nie geregverdig nie.

Die bestaande klasse vir voortgesette onderwys het getoon dat die belangstelling in die kusdorpe taamlik bevredigend was, maar dieselfde kon nie van die dorpe in die binneland gesê word nie. Omdat die geringe belangstelling aan onverskilligheid van die kant van die jongmense toegeskryf is, is voorstelle gemaak dat wetgewing tot verpligte bywoning ingestel word. Die owerheid was egter huiwerig om sodanige stappe te oorweeg voordat sorgvuldig ondersoek is watter invloed die klimaat op die jongmense se belangstelling in studie na werksure het.

Die owerheid het egter besluit om private inisiatief aan te moedig deur ŉ subsidie van ŉ sikspens per student per uur te betaal. In Windhoek sou die Departement self die reëlings vir onderwys in enige van die gewone vakke tref, mits minstens vyf studente vir so ŉ vak inskryf. Alle klasse sou gereeld geïnspekteer word [1].

In 1929 is daar by die Windhoekse Hoërskool klasse in Shorthand, Tikskrif, Handelsrekenkunde, Afrikaans, Duits en Engels ingestel. Die geld per kwartaal betaalbaar sou £1 per vak, £1 10s. vir twee vakke en £2 vir drie of meer vakke wees [2].

Alhoewel die subsidie as voldoende beskou is, het die klasse tog nie na wense gevorder nie. Afgesien van die klimaatsomstandighede, wat ŉ moontlike oorsaak kon wees, was daar ook probleme om geskikte onderwysers te vind wat gewillig was om hierdie klasse waar te neem [3].

Die Adviserende Onderwysraad het in 1930 die instelling van klasse vir die onderrig van vakleerlinge oorweeg. Die Direkteur het die vergadering meegedeel dat klasse vir die doel wel onder die bestaande

subsidie-/ ... 391

---

1. Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1930, 47.
2. The Windhoek Advertiser, 30.1.1929.
3. Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1931, 38.

subsidieskema georganiseer kon word [1]. Die praktiese opleiding sou in elk geval in die werkswinkels self moes geskied [2].

In 1944 is daar nog aandklasse in Tikskrif en Boekhou by die Windhoekse Hoërskool in stand gehou [3]. In 1948 was daar ook klasse in handelsvakke by die Keetmanshoopse Hoërskool [4]. Die inskrywing in hierdie twee skole se klasse het van 65 in 1952 na 86 in 1953 vermeerder.

In 1953 het die Direkteur die mening uitgespreek dat die veronderstelling wat nog altyd bestaan het dat die inkomste die uitgawe moes dek, behoort te verdwyn. Van mense wat nie kon betaal nie, behoort niks verwag te word nie [5].

Teen 1960 het die voortsettingsklasse, ingeskakel by volwasse onderwys, nog bestaan.

### 3. Onderwys vir volwassenes

'n Dame uit Outjo het in 1947 die Administrasie genader om 'n pond-vir-pond-ondersteuning met die oog op die deurvoering van 'n skema vir die informele opleiding van volwassenes. Hierdie skema het onder andere die volgende beoog: intellektuele ontwikkeling, bevordering van die kultuur en waardering vir ons geestesgoedere, die aankweek van belangstelling in gesondheid na liggaam en gees, bevordering van die vermoë om ontspanning te kan geniet en estetiese genot uit skone dinge te put, ontwikkeling van die vermoë om sosiale kontakte te maak en die vriendekring te verryk en so meer. Die Adviserende Raad het aanbeveel dat die Administrasie as 'n eksperiment die skema tot 'n maksimum van £200 vir een jaar sal steun [6]. Uit hierdie onderneming is vermoedelik later die Outjose Kuns- en Kultuurvereniging gebore.

Aansoeke/ ... 392

1. E655: Notule van die Adviserende Onderwysraad, 26.11.1930.
2. Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1930, 47.
3. Jaarrapport, 1944, 13.
4. Notule van die Wetgewende Vergadering 1950: Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal 1948/49, 21.
5. Jaarrapport, 1953, 17.
6. A.R.-notule, 10.10.1947.

Aansoeke om finansiële bystand deur die Outjose Kuns- en Kultuurvereniging en 'n soortgelyke vereniging te Otjiwarongo is in 1950 van die hand gewys [1].

Vanaf 1954 is die funksie van die Departement uitgebrei om onderwys vir volwassenes in te sluit. Volgens die Direkteur het die Departement oor 'n tydperk van jare op 'n paar plekke fasiliteite vir onderwys vir volwassenes voorsien sonder dat dit een van sy funksies was [2]. Die Uitvoerende Komitee het in beginsel goedgekeur dat die Departement stappe in die rigting van die onderwys vir volwassenes doen en 'n bedrag van £500 vir die doel op die begroting geplaas [3].

Aangesien die Departement reeds in 1929 klasse vir voortgesette onderwys gereël en dit oor 'n tydperk van jare voorsien het, wil dit tog voorkom asof dit as een van sy funksies beskou was. Daar is egter nooit, selfs nie na 1954 nie, enige wetgewing aangeneem om dit amptelik 'n funksie van die Onderwysdepartement te maak nie. In toekomstige wetgewing sal die posisie reggestel moet word.

Die Direkteur het behalwe voortgesette of volgehoue of aanvullende onderwys ook 'n ander doel met die onderwys van volwassenes beoog. Hierdie doel was „om, al sou dit hoofsaaklik informeel en langs 'n omweg moet geskied, die samelewing tot 'n helderder insig in en 'n duideliker en omvattender begrip van die wese van die opvoeding te voer en dit tot 'n dieper besef van sy onvervreembare pligte te beïnvloed" [4].

Behalwe in vakke soos Afrikaans, Duits, senior Engels en junior Engels [5] is daar ook 'n begin gemaak met kursusse in Kleremakery, Koekversiering, Blommerangskikking en Hoedemakery [6].

Dit is duidelik dat die voortgesette onderwys ook

nou as/ ... 393

---

1. A.R.-notule, 9.1.1950.
2. Jaarrapport, 1954, 3.
3. U.K.-notule, 29.10.1954. Besluit 1062 op Memorandum E762/9, gedateer 5.10.1954.
4. Jaarrapport, 1954, 4.
5. Id., 1955, 7.
6. Id., 1957, 4.

as volwasse onderwys beskou is.

4. Toekomsbeleid

Die Onderwyskommissie het sy aandag aan die onderwys vir volwassenes gegee en tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n wesentlike behoefte aan dié soort onderwys bestaan, maar ook saamgestem dat die inisiatief nie van die staat moes uitgaan nie. Aanvanklik kan die staat geldelike hulp verleen, maar die aantreklikheid, die nut en die regverdiging van die beweging sou juis daarin geleë wees dat die private enkeling en organisasie dit aan die gang hou [1)].

In die lig van sy bevindings het die Kommissie aanbeveel dat -

(a) 'n afsonderlike afdeling vir volwasse onderwys (kultureel, ontspannend en tegnies, insluitend die teorieklasse vir vakleerlinge) by die Onderwysdepartement ingerig moet word;

(b) belanghebbende instansies op elke sentrum 'n raadgewende komitee stig om volwasse onderwys te stimuleer en op tou te sit;

(c) die Administrasie alle goedgekeurde vorms van volwasse onderwys subidieer;

(d) 'n organiseerder aangestel word om volwasse onderwys te koördineer, organiseer en beheer. Dit vereis gereelde voorligting, inspeksie en 'n omvattende kantoororganisasie. Voorts moet so 'n persoon ook spesiale kursusse en lesings organiseer, soos byvoorbeeld 'n gesinsweek, waar lesings oor al die aspekte van die gesinslewe gegee word [2)].

Om beter beheer oor die onderwys van volwassenes te verkry het die Uitvoerende Komitee die beheer en organisasie daarvan as 'n spesifieke taak aan die professionele assistent opgedra.

Die beginsel dat die diens in medewerking met plaaslike instansies aangebied sou word, is aanvaar.

Die/ ... 394

1. Verslag van die Onderwyskommissie 1958, 150.
2. Id., 152-153.

Die plaaslike instansies sou 'n raadgewende komitee benoem wie se funksies sou wees om -

(1) vas te stel wat die plaaslike behoeftes is en dit onder die aandag van die Departement te bring;

(2) die kanaal te wees waardeur belangstellendes die nodige reëlings kan tref om van die diens gebruik te maak;

(3) belangstelling vir die diens te wek en die werk te stimuleer;

(4) die nodige reëlings vir die klasse te tref en 'n mate van toesig daaroor te hou om doeltreffendheid te verseker;

(5) die Departement van raad insake alle aangeleenthede betreffende die onderwys vir volwassenes te dien.

Die Administrasie sou onderneem om alle goedgekeurde vorms van onderwys vir volwassenes, insluitende die teoretiese opleiding van vakleerlinge, te subsidieer [1].

Die eerste komitee is in 1960 in Windhoek gestig, en as koördinerende komitee het hy goeie werk gedoen. Die finansiële aspekte is deur die Departement behartig.

'n Begin is gemaak om klasse vir die teoretiese onderrig van vakleerlinge te reël. Die onderrig sou geskied ooreenkomstig die leergange soos deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die verskillende tegniese eksamens voorgeskryf. Die eerste werklike onderrig is eers na 1960 gegee.

## 5. Samevatting

Om in die behoefte van voortgesette onderwys te voorsien het veral die Schulvereine die inisiatief geneem. Klasse is volgens behoefte op die verskillende plekke, veral in tale, handels- en tegniese vakke gereël.

In 1929 het die Administrasie belangstelling in hierdie soort onderwys getoon deur 'n per capita-subsidie te betaal, en die Onderwysdepartement het onderneem/ ... 395

1. U.K.-notule, 18.11.1959. Besluit 1095 op Memorandum E1/1/14, gedateer 5.11.1959.

derneem om klasse in Windhoek te reël.

In die noorde van Suidwes-Afrika is 'n poging aangewend om algemeen vormende en kulturele opvoeding te bevorder. Aanvanklik het die Administrasie 'n bydrae op die pond-vir-pond-basis gegee, maar later verdere aansoeke van die hand gewys.

Die Departement het in 1954 onderwys vir volwassenes as een van sy funksies aanvaar en 'n bedrag is op die begroting geplaas vir die uitbouing daarvan. Vordering is gemaak, en bo en behalwe onderrig in Tale en Handelsvakke is ook onderrig in Kleremakery, Koekversiering en so meer gegee.

Na aanleiding van die bevindinge en aanbevelings van die Onderwyskommissie is 'n toekomsbeleid goedgekeur waarvolgens volwasse onderwys aan die inisiatief van plaaslike raadgewende komitees oorgelaat sou word. Die Administrasie subsidieer al die vorms van onderwys vir volwassenes, die Departement beheer die finansiële aspekte daarvan en die professionele assistent staan in beheer en behartig die organisasie daarvan.

HOOFSTUK/ ... 396